



Verwysing: 20211119-8047
Lêerno.: 2/11/3/1
Navrae: K Dudley, A du Toit & E Peck

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementele Hoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Provinsiale verbeteringsplan

1. Die Direktoraat: Kurrikulum Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) het 'n provinsiale verbeteringsplan saamgestel om skole en onderwysers in 2022 te lei en te ondersteun.
2. Die provinsiale verbeteringsplan strook met die strategiese doelwitte wat binne die Wes-Kaap Onderwysdepartement gesetel is.
3. Hierdie bedryfsplan is saamgestel met die wete en oortuiging dat leerders uiteindelik die belangegroep van elke ingryping en aksie moet wees, en bevestig ook dat onderwysers vindingryke bronne van kennis is. Vervat in elke ingryping of aksie is die doelwit om 'n veranderende ingesteldheid en waardesgedrewe denkgeleenthede te ontwikkel wat met toekomsgerigte onderwys ooreenstem. Die uiteindelige doel van die Direktoraat: Kurrikulum AOO, is om leerderprestasie te verbeter en transformerende denke aan te moedig.
4. Hierdie minuut stel skole in kennis dat toegang tot die AOO se provinsiale verbeteringsplan via die e-Portaal by <https://wcedportal.co.za/eresource/207761> of die volgende VR-kode verkry kan word:



<https://online.fliphtml5.com/otzjm/xuth/>

5. Prinsipale word versoek om onderwysers wat in die AOO-band onderrig gee, te motiveer om 'n kopie van hierdie leersame dokument af te laai.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-11-22